



# INKBESSIE

deur HILDEGARD DE BEER  
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Inkbessie (*Cestrum laevigatum* Schlecht.; familie Solanaceae) is 'n ingevoerde Suid-Amerikaanse struik, waarvan sowel die jong lote met blare, as die groen bessies baie giftig is en vermoedelik die dood van skape, bokke en beeste veroorsaak. Sels kinders het al gesterf nadat hulle die groen bessies geëet het.

Die plant staan in Engels as "ink-berry" bekend en word ook soms "poisonberry" genoem.

## Morfologie

Inkbessie is 'n blinkgroen meerjarige immergroen plant wat gewoonlik in die Transvaal en die Vrystaat 'n struik van 1 tot 2 m vorm, terwyl dit in die kusstreke van Natal en die Kaap die vorm van 'n boom aanneem met 'n hoogte van ongeveer 5 m. Dit vertak vanaf die basis in 'n groot aantal stamme. Die bas is dun, met 'n ligte bruingrys kleur, en word maklik gekneus. Die gekneusde stingels skyn groen deur, en skei 'n skerp, onaangename reuk af. Die blink, liggroen of soms donkergroen blare is hoofsaaklik aan die punte van die stingels gekonsentreer, en word afwisselend gedra. Hulle is

sag en ellipties, sowat 8 cm lank en 2 cm breed, met gladde rande. Net soos die stingels, kneus die blare ook maklik en skei dieselfde onaangename reuk af.

Gedurende die somermaande word lang, buisvormige blomme in klein groepies in die oksels van die heel boonste blare gedra. Hulle is liggroen, met roomkleurige tot liggeel kroonblaarlobbe, en het 'n effens soet reuk. Die blomme gaan saans toe. Die vrugte is vlesige, ovaalvormige, persswart bessies, sowat 1 cm in deursnee, wat elk ses grysbruin, onegalige afgeplatte saadjies bevat. Die vrugte word gedurende die wintermaande geproduseer.

In Suid-Afrika word daar nog verskeie ander giftige *Cestrum*-spesies as tuinplante gekweek, van waar hulle na die veld versprei en met inkbessie verbaster. In Zimbabwe en Oos-Afrika kom daar dikwels gevalle van vergiftiging deur nog 'n inkbessiesoort, *Cestrum aurantiacum*, voor. *C. laevigatum* kan egter maklik uitgeken word aan sy lang, buisvormige, geelgroen blomme.

## Verspreiding

Dié onkruid, wat inheems is in Brasilië, is na



FIG. 1 - Inkbessie is 'n blinkgroen meerjarige immergroen plant

Suid-Afrika ingevoer om as heiningplant en windscherm aangeplant te word. Sedertdien het dit in die veld versprei, en kom tans voor in die omgewing van Knysna en Oos-Londen in die Kaapprovinsie; Lusikisiki en Port St Johns in die Transkei, Howick, Pietermaritzburg, Durban en die suidkus van Natal; Sentraal- en Suid-Transvaal, bv. Pretoria; die Noord-Vrystaat sowel as Swaziland en die westelike deel van Zimbabwe.

Inkbessie word hoofsaaklik in die vogtiger oostelike dele van die land aangetref, waar dit deel vorm van die onderlaag van bosse en inheemse woude, of aan die rand van sulke bosse of woude voorkom. In die droër binneland groei dit gewoonlik naby rivierlope of ander oop water.

### **Gevare**

Die vrugte en bas van inkbessie bevat die gifstowwe saponien en sestrumied, wat hoofsaaklik sowel in die jong lote met blare, as in die jong, groen bessies gekonsentreer is. Die meeste gevalle van inkbessievergiftiging kom dan ook gedurende Junie en Julie voor, wanneer die bessies nog groen en weiding skaars is, of gedurende die lente, wat die vroeë deel van die groeiseisoen is. Daar is vasgestel dat plante waarvan die bessies reeds swart is, sonder gevaar aan beeste gevoer kan word.

Chase Valley-siekte, 'n siektetoestand by beeste,

wat gereeld in die Chase-vallei naby Pietermaritzburg voorkom, word toegeskryf aan die inname van inkbessies. By skape en bokke verskyn die simptome meer plotseling en in 'n erger graad as by beeste. Diere wat groot hoeveelhede inkbessies vreet, vrek gewoonlik skielik en sonder waarskuwende simptome. Akute vergiftiging gaan gewoonlik gepaard met buikpyn, tandegeknars, pogings om die buik te skop of met die horings by te kom, kwyling, tranende oë, 'n kromgetrekte rug, 'n wankelende gang, versnelde asemhaling, swak polsslag, toenemende swakheid, en soms gelerige oogbindvliese en slymvliese. Net voor die dood word die worsteling en skoppery erger, en die dood tree gewoonlik in na 4 tot 12 uur. In die geval van minder akute vergiftiging is die simptome minder ernstig en die toestand kan na 3 tot 4 dae verbeter.

### **Wetgewing**

Kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne 1983 (Wet 43 van 1983) is inkbessie tot 'n onkruid verklaar. Ingevolge hierdie wetgewing mag die plant nie versprei word, of toegelaat word om te versprei nie. Dit mag nie binne 'n stadsgebied voorkom nie, en indien dit op enige plaaseenheid in die Republiek voorkom, moet dit doeltreffend beheer word.